MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 5 | 19 MAART 2026

SKOOLSAKE

Klik op die logo hier onder vir meer inligting

Akademie

Sport

Kultuur

VAN DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

Met die son wat vinnig besig is om oor die eerste kwartaal te sak, is dit met groot dankbaarheid dat ons na die eerste klompie maande van 2026 kan terugkyk. Ons swemspan het die interhoër 'n rekordgetal drie keer gewen, ons o. 14-krieketspan het die seisoen onoorwonne afgesluit én ons het 14 atlete in die Gauteng-Noord-span wat SA's toe gaan. Op die kultuurakker is ons opgewonde oor ons redenaars se prestasies en alles wat nog op revue-, orkes-, drama- en melodiafront voorlê. 'n Groot woord van dank aan me Meyer, asook elke onderwyser en leerder wat van gister se Opedag 'n groot sukses gemaak het. Motiveer vriende en familie om vir 2027 aansoek te doen.

Saterdag, by 'n vooraanstaande skool in Pretoria se wintersportderby, is meer as die helfte van die eerste rugbyspan se selfone gesteel. Net soos by Midstream is dit in 'n veilige omgewing, maar het die gasheerskool geen kontrole of beheer oor die duisende mense wat op so 'n dag op hul skoolterrein is nie. Ek wil opnuut 'n beroep op ouers en leerders doen om asseblief nie nalatig te wees nie. Wees tydens oefeninge asook tuis- en wegwedstryde versigtig oor waar julle julle sportsakke en selfone los.

Ek wil vervolgens elke leerder en onderwyser wat die College op verskeie toere gedurende die vakansie gaan verteenwoordig, bedank. Ons sprei ons vlerke wyd, en ons onderskeie spanne besoek vyf van ons land se provinsies wat die Oos- en Wes-Kaap insluit. Mag julle almal blywende lewens- en sportlesse leer, en as 'n hegter eenheid en span terugkom. Vergun my ook die geleentheid om elke leerder, ouer en onderwyser vir julle besondere bydrae tot hierdie besige en suksesvolle kwartaal te bedank.

What is home? My favourite definition is a safe place; it's a place where people share and understand each other. Its relationships are nurturing. The people in it do not need to be perfect; instead, they need to be honest, loving, supportive, recognising a common humanity that makes all of us vulnerable.

Gladys Hunt

Ek glo en hoop die College was gedurende die eerste kwartaal vir die meeste leerders 'n veilige plek waar hulle 'n tuiste gevind en geborge gevoel het. My wens is dat een en elkeen van julle gedurende die vakansie kwaliteittyd saam met julle geliefdes kan deurbring. Ek hoop die leerders gaan hul batterye herlaai, want die tweede kwartaal gaan baie Carpe Diem-oomblikke inhou. Die Junie-eksamen lê ook en loer😊.

Met die Paasnaweek om die draai is my wens dat ons almal sal stilstaan en ons nietigheid voor, en ons afhanklikheid van ons Hemelse Vader sal bely.

God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.

Joh. 3:16 – 83-vertaling